



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Die tent tussen die bome deur Anna Emm

Terwyl Silvia se mamma een oggend die wasgoed ophang en haar pappa die kar was, kry Silvia 'n baie goeie plan! Sy besluit om 'n tent daar tussen die hoë bome te gaan bou waar sy kan kamp.

"Dis 'n goeie plan," glimlag Silvia se mamma toe sy die tent begin bou met die stokke en kombersies.

Sommer gou is die tent klaar, en Silvia klim binne in. Sy het haar teddiebeer en haar boekies ook gebring. Sy het koekies en koeldrank en appels ook in haar tentjie gesit. Maar net toe Silvia lekker terugsit en in haar boekie begin blaai, hoor sy 'n fyn stemmetjie hier buite die tent wat sê: "Kyk net hierdie lekker tent! Ek dink ek gaan hier kom woon!"

Net toe kruip 'n klein eekhorinkie by die tent se opening in, en maak homself gemaklik.

"Haai, dis my tent!" sê Silvia toe die eekhorinkie vir homself 'n koekie vat en begin kou. Maar voor die eekhorinkie kan antwoord loer twee mossies ook by die tent in. "Wat 'n goeie idee!" roep die een mossie. "Kan ons ook inkom?"

Voordat Silvia kan antwoord, fladder die twee mossies by die tent in, en begin hulle op die komberse gemaklik maak! "Maar julle kan nie..." begin Silvia.

Net toe kruip 'n akkedissie onder die tent se flap in. Hy loer om hom rond en sê: "Sjoe, dis 'n lekker plek hierdie! Kan ek ook 'n happie van daai appel kry?"

Sommer gou kwetter en woel en rinkink dit binne in Silvia se tentjie van al die diertjies en dingetjies. Almal dink dis net die lekkerste tent op aarde, en almal wil daar kom bly. Dit raas só dat Silvia nie haar boek kan lees nie, en toe sy weer sien het die voëltjies al haar koeldrank opgedrink! Sy sug, en kruip uit die tent uit.

"En nou?" vra Silvia se mamma toe sy 'n groot leë boks uit die garage sleep. "Wat gaan jy maak?"

"Ek gaan vir my 'n huisie bou met hierdie boks," sê Silvia. "Daar onder die bome waar niemand my kan pla nie."

Maar o liewe land, Silvia het net mooi die boks op die gras neergesit en binne in geklim met haar boek, toe steek 'n skilpadjie sy koppie om die boks se hoek en vra: "Kan ek ook maar hier by jou kom sit? Dit lyk so lekker stil."

Silvia sug. Die skilpadjie klim nou ook in die boks en loer na die boek wat Silvia lees. "Sal jy vir my 'n storie lees?" vra hy. En raai bietjie? Toe Silvia by die tweede storie kom, is die mossies en die akkedissie en die eekhorinkie óók in die boks. Want, sê almal, dis heeltemal te raserig in die tent.

Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek www.AnnaEmm.co.za

Gratis inkleurprentjie

Die tent tussen die bome illustrasie deur Elanie Bieldt



Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek www.AnnaEmm.co.za

Nuus uit die kantoor:

Kom ontmoet vir Gys de Villiers op 25 Januarie!

Na die groot sukses van sy eerste storie-CD in 2012, het ons vir Gys de Villiers oorreed om vir ons nog 'n paar kinderstories te kom opneem. "Die vreeslike vervelige lewe van Griet Muskiet" word op 25 Januarie vrygestel, en ons Kaapse kliënte kry die geleentheid om vir Gys self te kom ontmoet! Bespreek jou CD vooruit, en as jy dit die oggend met die vrystelling kom afhaal sal Gys jou CD onderteken, en kan jy 'n foto saam met hom laat neem. Toegang is gratis, maar ons het slegs 'n beperkte hoeveelheid CDs vir die oggend, so dis belangrik dat jy vooruit bestel.

Kontak natasha@annaemm.co.za of 021 930 0908 vir enige navrae.

Kom ontmoet vir Gys de Villiers!

Gys de Villiers het sopas 'n tweede CD met Afrikaanse Kinderstories opgeneem, en die CD word vrygestel op Sat 25 Jan van 09h00-11h00 by Anna Emm se kantore in Plattekloof!

Beperkte plek!
Besprekings @ R80 per CD (gewone prys R90)
Dit sluit 'n getekende CD in, 'n foto saam met Gys, koffie/tee, en 'n pakkie chips vir die kinders!



Anna Emm Produksies @ Bloomberg House
h/v Silberboom en Blouelie, Plattekloof
Bespreek by:
021 930 0908 | natasha@annaemm.co.za